





# NUUSBRIEF *vir die Gemeenskap*

Orion Minerals

*Die ontwikkeling van 'n 21ste eeu koper-sink myn in Suid-Afrika* **1ste WEERGAWE** / JULIE 2021

## IN HIERDIE WEERGAWE


BLADSY 1 **Olimpiese borgskap**

BLADSY 2 **Boodskap van die Uitvoerende Hoof** | **Wie is Orion?**

BLADSY 3 **Ondersteun die COVID-19-entstof implementering**

BLADSY 3 **Plaas die gemeenskap op wiele**

BLADSY 4 **Vaardigheid Assessering**


## WELKOM BY DIE NUUSBRIEF

**Welkom by die heel eerste uitgawe van Orion se nuusbrief vir die gemeenskappe van Siyathemba en Vanwyksvlei (SV)! Ons hoop dat dit mettertyd 'n belangrike kommunikasie instrument sal word om inligting met ons gemeenskappe te deel – inligting oor Orion, mynbou, asook inligting wat relevant en interessant sal wees vir al ons lesers.**

## 'n Kompetisie!

**Die eerste ding wat ons moet doen, is om 'n naam vir hierdie nuusbrief te kies.**

Ons doen 'n beroep op al ons lesers om met prettige, oorspronklike en relevante name vorendag te kom en dit dan aan ons te stuur by newsletter@orionminerals.com.au. 'n Span sal die vyf beste voorstelle kies en dit op die Orion Facebook-bladsy plaas sodat lesers kan stem en die finale naam gekies kan word. Die persoon wat die gekose naam voorgestel het, sal 'n prys van R1000 wen.



## OLIMPIESE BORGSKAP

Orion gaan vir die Prieska naelloper Chederick van Wyk borg terwyl hy werk vir keuring vir die Suid Afrikaanse 4x100m mans se aflosspan – asook ander moontlike naelloper inskrywings – vir die Olimpiese Spele in Tokio geskeduleer vanaf 23 Julie tot 8 Augustus die jaar. Orion se borgskap sal Chederick toelaat om die maand te reis na Italië vir 'n kritieke oefen kamp voor die Olimpiese Spele.

Die borgskap vorm deel van die eerste fase van wat Orion hoop sal 'n lang verhouding wees tussen die maatskappy en Chederick, wat 'n sport ambassadeur sal word vir die Siyathemba gemeenskap en veral vir die jong mense van Siyathemba.



Errol Smart / Besturende Direkteur en Hoof Uitvoerende Beampte

# BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE HOOF

**Groete aan almal in die Siyathemba en Vanwyksvlei gemeenskappe. Ek hoop dat u hierdie nuusbrief interessant en nuttig sal vind soos wat ons vorentoe beweeg.**

Ek wil hierdie eerste nuusbrief gebruik om vrae te beantwoord wat tans deur baie van u gevra word. Baie mense vra hoe Orion sal sorg dat almal voordeel trek uit die Prieska Myn – dat werk, kontrakte en geleenthede met almal gedeel sal word, en nie net met 'n paar nie.

Orion is 100% daartoe verbind om te verseker dat soveel as moontlik werk en soveel as moontlik kontrakte, in die konstruksie- en die myn fases van bedrywighede, na individue en besighede van Siyathemba toe gaan. Dit is vir ons nie-onderhandelbaar en sal nie onderhandelbaar wees vir enige maatskappy wat gekies word om enige van die groot ontwikkelings kontrakte uit te voer. Hulle moet sub-kontrakteurs en werknemers van SV gebruik.

Terselfdertyd wil ek baie duidelik wees – Orion sal nooit, ooit die beheer riglyne rakende aankope of indiensneming nie toepas nie. Kontrakte sal toegeken word op grond van hoe ondernemings aan die vereistes van die werk voldoen – van hul kundigheid en ervaring, tot hul kostes en hul voldoening aan plaaslike vereistes. Ons wil ook seker maak dat geen partye in hulle eie hoedanigheid beloftes aan plaaslike inwoners maak om werk of kontrakte te bekom nie. Plaaslike werknemers en kontrakteurs moet regverdig kan meeding en werk op meriete kry, nie op grond van affiliasie nie.

Ek wil die gemeenskappe verseker dat, selfs al word 'n groot kontrak toegeken aan 'n maatskappy wat nie van SV afkomstig is nie, as gevolg van die vereiste vir spesialis vaardighede of voorsiening, beteken dit nie dat daar nie werk en geleenthede vir sub-kontrakteurs en indiensneming sal wees nie. Elke maatskappy wat vir die Prieska-projek werk, is verplig om plaaslike kontrakteurs, plaaslike verskaffers en plaaslike werknemers te gebruik.

# WIE IS ORION

## en wat doen ons in Siyathemba?

**Orion is 'n Mynbou-eksplorasie maatskappy wat werksaam is in die Noord-Kaap, Suid-Afrika en in Australië. Ons streef daarna om myn bedrywighede te ontwikkel in gebiede met 'n geskiedenis van ertsproduksie van hoë gehalte, veral koper, sink en nikkel.**

In SV fokus ons veral op die voormalige myn bedrywighede buite Prieska, in die Copperton-omgewing.

Ons is tans daarop ingestel om die finansiering vir die Prieska-Koper Sink Myn te verseker waar ons reeds die afgelope vier jaar boor en ingenieurswese studies doen. As alles volgens plan verloop, sal die finansiering vasgemaak word sodat die myn konstruksie in 2022 kan begin en produksie na verwagting laat in 2024 te kan begin.

Wat beteken dit vir die gemeenskap? Eerstens het ons reeds 'n Gemeenskaps Trust gestig wat 5% van die Myn besit. Ons studies beraam dat dit voordele vir die gemeenskap van ongeveer R500 miljoen oor die eerste 12 jaar van die projek kan inhou. Ons hoop om uiteindelik verder te myn tot en met 20 jaar.

Daarby sal Orion verder bydra tot die gemeenskap – onder andere – deur die ontwikkeling van menslike hulpbronne (leerlingskappe, beurse, internskappe en ABET), plaaslike vaardigheid ontwikkelings inisiatiewe, die opgradering en instandhouding van die Prieska Waterwerke, die fasilitering en bou van meer behuising in die omgewing en projekte vir hernubare energie.





*Van link na regs – Bill Pickard Hospitaal Bestuurder Mandy Saaiman en Dr Bianca Jordaan saam met Orion Bestuurdende Direkteur en Uitvoerende Hoof Errol Smart in die hospitaal apteek, wat nou geakkrediteer is om Covid-19 inentings te administreer.*

# TERUGVOER OOR GEMEENSKAPS INISIATIEWE

## ONDERSTEUNING VAN COVID-19 INENTINGS IN SIYATHEMBA

Orion het in Junie formeel 'n gespesialiseerde mediese entstof yskas / vrieskas eenheid aan Prieska se Bill Pickard-hospitaal oorhandig. Die skenking van die yskas het bygedra dat die hospitaal se apteek 'n geakkrediteerde COVID-19 inenting sentrum word.

COVID-19-inentingsentrums kom in aanmerking om deel te wees van die regering se nasionale inentings program om COVID-19 entstowwe aan gesondheids werkers en lede van die gemeenskap toe te dien as deel van 'n gefaseerde implementering. Die inentings sal na die hospitaal se apteek gestuur word vanaf Kimberley via De Aar. Die eerste entstowwe is reeds ontvang en op 21 Junie 2021 toegedien.

Mandy Saaiman, Hospitaal Bestuurder, het gesê die hele SV, insluitend Prieska, Marydale, Niekerkshoop en Vanwyksvlei, sal hieruit voordeel trek. Voor die akkreditasie van hierdie apteek was die naaste geakkrediteerde inenting sentrum in die Pixley Ka Seme-distrik in De Aar, 180 km vanaf Prieska.

Die hospitaal se akkreditasie as 'n Covid-19 inenting sentrum is moontlik gemaak met die hulp van Orion in samewerking met lede van die Siyathemba CSI Samewerkings Forum. Die apteek het verkoelings kapasiteit, rakke en digitale infrastruktuur benodig voordat dit as inenting sentrum geakkrediteer kon word.

**Die hospitaal se apteek is nou 'n geakkrediteerde COVID-19 inentings sentrum**

## FIETSE VIR MENSLIKHEID PLAAS ONS GEMEENSKAP OP WIELE

Gedurende April was 'n 20m vraghouer met 420 fietse in Siyathemba afgelewer, waar Orion gereël het vir die skenking deur "Bicycles for Humanity" in Australië, Die versending en invoer vanaf Australië is deur Orion befonds.

Ons wil die Departement van Vervoer en Openbare Werke, Adjunk-direkteur Howard Tsume en sy span bedank vir die verskaffing van werkspasie, asook vir Johan Botes van Partzone Prieska en NR Engineering vir die fasiliteering om die aflaai van die vraghouer te vergemaklik, en Wilson Bosman, Cecil Skeffers en pastoor Maliehe vir die hulp met die uitpak van die vraghouer.

Gedurende Junie,het geselekteerde lede van die gemeenskap basiese fiets werktuigkundige en monterings opleiding gehad wat deur Bicycle Empowerment Network (BEN) behartig is. Ons werk daaraan om 'n implementering strategie en Fiets Bemagtiging sentrum sakemodel te ontwikkel in samewerking met BEN. Ons sal u op hoogte hou met die vordering van hierdie projek.





*Gemeenskapslede is geleer om fietse aanmekaar te sit en hoe om die fietse te onderhou. Hierdie lede sal hulle eie fiets werkswinkels kan open.*

# VAARDIGHEIDS ASSESSERINGS PROSES

Om voort te gaan met die toewyding aan die gemeenskap in terme van opleiding en ontwikkeling, het Orion onlangs beroeps assesserings uitgevoer vir potensiële ambagsmanne en operateurs – hierdie is aanvanklik vertraag as gevolg van die onlangse ontwrigtings in Siyathemba.

Die proses was oop vir individue wat voorheen Orion se Inleiding tot Mynbou kurses voltooi het en wat belangstelling getoon het in ambags- en operateur posisies. 'n Aanvanklike groep van 60 individue uit die SV-gemeenskappe was genooi om aan die huidige fase deel te neem, waar 44 individue uiteindelik van die Orion geleentheid gebruik gemaak.

Op grond van hierdie assesserings resultate, sal opleidings programme aangebied word aan deelnemers met hoë potensiaal om hulle sodoende voor te berei op moontlike toekomstige werksgeleenthede by die Prieska Koper – Sink Myn of binne die breër Suid-Afrikaanse mynbedryf.

Daar word onderneem om in die volgende paar weke verdere beroeps assesserings te doen. Orion moedig alle lede van die gemeenskap aan wat 'n uitnodiging ontvang om deel te neem, aangesien hierdie proses 'n kritieke rol sal speel om te verseker dat plaaslike inwoners vir indiensneming in aanmerking kan kom, sodra werk op die myn begin.

Orion is bewus van die dringende behoefte vir vaardigheids ontwikkeling en werks geleenthede in die Siyathemba-omgewing en is toegewyd om 'n rol te speel in die voorsiening daarvan waar dit moontlik is.




*Onderskrifte – Die eerste beroeps assesserings vir potensiële ambagsmanne en operateurs wat by Orion Minerals voltooi is.*

## VERENIG TEEN KORRUPSIE

Orion staan saam met miljoene Suid-Afrikaners wat weet dat korrupsie ons toekoms in gevaar stel. Soos ons probeer herstel van die impak van COVID-19, is dit veral nou belangriker as ooit, dat ons staan #UnitedAgainstCorruption. U kan meer hieroor lees by http://www.anticorruptionday.org/, en u kan korrupsie aanmeld by die **nasionale nommer 0800 701 701.**

# COVID-19

**COVID-19 is steeds 'n groot bedreiging – in SV, in die Noord-Kaap en in Suid-Afrika. Dit is duidelik dat die land nou in 'n derde golf verkeer, en dat daar baie mense in hospitale sal wees en moontlik miskien ook in lewensgevaar is.**

Ons versoek dat alle inwoners van SV voortgaan om hulself en ander veilig te hou. Hou by al die huidige regerings beperkings. Dra altyd 'n masker as u buite u huis is, vermy byeenkomste – veral binnenhuis, hou 'n veilige afstand van ander mense en onthou om u hande gereeld te was en te ontsmet.

Ons is verlig dat die ontplooiing van die entstof reeds aan die gang is. Ons moedig almal aan wat in aanmerking kom om vir die inenting te registreer, om dit te doen en ons vra jongmense in die gemeenskap om diegene te help om te registreer wat moontlik nie toegang tot 'n selfoon of die internet het nie.

## REGISTREER VIR COVID-19 INENTING

**U kan op drie maniere registreer:**

- **Aanlyn by https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/**
- **WhatsApp – stuur "register" na 0600 123 456**
- **Bel – *134*832*jou ID nommer#**
- **As u nie 'n ID nommer het nie, skakel *134*832#**

## HOE OM ONS TE KONTAK



**Orion het die voormalige Gemeenskap Skakel Kantoor ontruim om plek te maak vir 'n gemeenskaps kliniek. Ons sal die gemeenskap in kennis stel sodra ons nuwe kantore kry of 'n mobiele kantoor het wat alle gemeenskap sentrums kan besoek, en sodoende almal toegang te kan gee tot ons CSD-koördinerings span. Tot dan kan u ons via WhatsApp kontak op**

**060 468 9549**

As u enige voorstelle het vir die volgende nuusbrief, kan u dit stuur aan *newsletter@orionminerals.com.au*